PROF. DR. G. B. A. GERDENER: Die Boodskap van 'n man. Chr. Stud. Ver., Stellenbosch 1943 Prys 10/6.

Hierdie boek is 'n lewensbeskrywing van wyle Prof. J. du Plessis van Stellenbosch, en as sodanig wek dit die belangstelling dadelik op. Immers Prof. J. du Plessis was ten nouste verbonde aan een van die mees bewoë periodes van die Kaapse Kerk. Nog nie solang gelede nie was die hele kerklike Suid-Afrika se aandag met spanning gevestig op die „Du Plessis-saak," en as eenmaal die geskiedenis van genoemde Kerk gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu geskryf sal word, sal hierdie saak ongetwyfeld 'n baie groot plek inneem. Behalwe in die bekende teologiese tydskrifte „Het Zoeklicht" en „Die Ou Paaie" het daar reeds belangrike bydraes oor verskyn.

Hierdie boek van Dr. Gerdener lê menige historiese besonderheid vas, wat anders verlore sou raak. Dit laat die persoon van Prof. du Plessis herleef. Dit wek ook die indruk wat mens tydens sy lewe van hom gekry het: iemand met 'n helder hoof, 'n baie skerpsinnige en vlugge denker, maar hy wou op te veel gebiede 'n spesialiteit wees: as sendingsreisiger, op die gebied van die Sendingswetenskap, die Ou Testament, die Nuwe Testament, die Kerkgeskiedenis, die Wysbegeerte, en nog meer. Op die gebied van die Nederlandse Teologie wat tog met die Kerke van S.A. in die nouste verband behoort te staan, was hy glad nie tuis nie. Sy „honderd beste boeken voor een Theologant" is almal Engelse uitgawes. Maar, Prof. Du Plessis het sy betekenis gehad, en dit is goed dat Dr. Gerdener sy lewe te boek gestel het.

S. P. ENGELBRECHT.